

# DIE BRIEF AAN DIE FILIPPENSE

## Inleiding

Hierdie brief maak saam met *Efesiërs*, *Kolossense* en *Filemon* die viertal geskrifte uit wat bekend staan as Paulus se gevangenskapsbriewe.

Weens die vermelding van die keiserlike lyfwag (1:13) en huishouding (4:22) is tradisioneel aanvaar dat hierdie brief uit Rome geskryf is. In Caesarea en Efese was daar egter soortgelyke keiserlike instansies.

Bowendien was Paulus se eerste gevangenskap in Rome minder ernstig, en dit verskil van die erns waarmee Paulus die nabyheid van sy dood bejeën (1:7,13-26; 2:17). Dit lyk dus waarskynlik dat hy homself tydens die skrywe van *Filippense* as gevangene in Caesarea of Efese bevind het (vgl die inleiding tot *Efesiërs*). Efese was veel makliker as Caesarea vanuit Filippi bereikbaar, en dit sou die talle reise van en na die Filippense (2:19-30; 4:18) meer begrypplik maak. Indien die brief uit Efese geskryf is, was dit tussen 52 en 55 nC; indien uit Caesarea, tussen 56 en 58 nC; indien uit Rome, tussen 59 en 61 nC.

Paulus en Timoteus word as skrywers aangedui (1:1), maar Paulus se persoonlike trant toon dat hy die eintlike skrywer is, of ten minste die brief self gedikteer het.

Paulus rig hierdie brief aan die gemeente van Filippi, maar noem daarby ook die gemeentelike ampsdraers (1:1). Hy het hierdie gemeente, wat hoofsaaklik uit Christene uit die heidendorp bestaan het, op sy tweede sendingreis gestig, en dit was hierdie Christene wat hom verskeie kere in moeilike omstandighede ondersteun het (Fil 4:10,15-18; 2 Kor 11:8-9).

Daar het duidelik 'n warm, spontane verhouding tussen Paulus en hierdie gemeente bestaan.

Die brief handel hoofsaaklik oor persoonlike sake wat Paulus sowel as die gemeente raak, onder meer die apostel se omstandighede en toekomsplanne, die besoek van Epafroditus en die Filippense se hulp, finansieel en andersins, aan die apostel. Paulus waarsku teen onenigheid, en haal in dié verband die veelseggende Christusloflied (2:6-11) aan. Die gedagte van blydskap te midde van lyding staan egter deurgaans so sterk op die voorgrond dat *Filippense* die brief van blydskap genoem kan word.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1-2 Briefaanhef

1:3-11 Dankgebed

1:12-26 Gevangene ter wille van Christus

1:27 — 2:11 Aansporing tot volharding en eensgesindheid

2:12-18 Ligdraers in die wêreld

2:19-30 Sending van Timoteus en Epafroditus

3:1 — 4:1 Kennis van Christus

4:2-9 Vermanings

4:10-20 Dank vir ondersteuning

4:21-22 Groete

4:23 Seëngroet

# 1

<sup>1</sup> Paulus en Timoteus, diensknegte van •Christus Jesus,  
aan al die heiliges<sup>a</sup> in Christus Jesus wat in Filippi is en ook die  
opsieners en diakens:

<sup>2</sup> \*Genade vir julle en vrede van God, ons Vader, en die Here Jesus  
Christus.

## Dankgebed

<sup>3</sup> \*Ek dank my God elke keer wanneer ek aan julle dink. <sup>4</sup> Altyd, in elke  
gebed van my vir julle, bid ek met blydskap <sup>5</sup> oor julle deelname aan die  
evangelie van die eerste dag af tot nou, <sup>6</sup> juis hiervan oortuig dat Hy wat  
'n goeie werk in julle begin het,\* dit sal voltooi tot op die dag van  
•Christus Jesus.\* <sup>7</sup> Dit is immers vir my reg om so oor julle almal te dink,  
omdat ek julle in my hart hou. Wat my gevangenskap sowel as die  
verdediging en bevestiging van die evangelie betref, deel julle almal  
saam met my in die genade. <sup>8</sup> Want God is my getuie\* hoe ek met die  
innigheid van Christus Jesus intens na julle almal verlang. <sup>9</sup> Ek bid juis  
dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in kennis en insig <sup>10</sup> om die dinge  
wat saak maak te kan onderskei.\* Die doel hiervan is dat julle met die  
oog op die dag van Christus\* innerlik suiwer en onberispelik sal wees,

---

<sup>a</sup>**1:1 heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges "heiliges" genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattings of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

\***1:2** Rom 1:7; Gal 1:3; Filem vs 3

\***1:3** Rom 1:8; 1 Kor 1:4

\***1:6 'n goeie werk ... het:** Fil 2:13

\***1:6 dag ... Jesus:** 1 Kor 1:8; Fil 1:10; 2:16

\***1:8 Want ... getuie:** Rom 1:9; 2 Kor 1:23; 1 Thess 2:5

\***1:10 die dinge ... onderskei:** Rom 2:18; 12:2; Heb 5:14

\***1:10 dag van Christus:** 1 Kor 1:8; Fil 1:6; 2:16

<sup>11</sup> \*vervul met die vrug van •geregtigheid, wat ons deur Jesus Christus tot verheerliking en lof van God ontvang.

### Gevangene ter wille van Christus

<sup>12</sup> Broers,<sup>b</sup> ek wil hê julle moet weet dat wat met my gebeur het, in werklikheid tot bevordering van die evangelie geleei het.<sup>\*</sup> <sup>13</sup> Sodoende het dit by die hele pretorium<sup>c</sup> en al die ander bekend geword dat ek ter wille van •Christus in gevangenskap<sup>\*</sup> verkeer. <sup>14</sup> Ook waag die meeste van die broers, omdat hulle as gevolg van my gevangenskap op die Here leer vertrou het, dit baie meer om die woord vreesloos te verkondig.

<sup>15</sup> Sommige verkondig Christus wel uit jaloesie en onenigheid, ander egter uit goedgesindheid. <sup>16</sup> Hulle doen dit uit liefde omdat hulle weet dat ek bestem is om die evangelie te verdedig, <sup>17</sup> maar die ander verkondig Christus uit selfsug — nie met oregte motiewe nie, maar met die bedoeling om vir my in my gevangenskap verdrukking te veroorsaak. <sup>18</sup> Wat maak dit egter saak? In elke geval, of dit onder voorwendsel of met oregtheid is, word Christus verkondig, en daaroor is ek bly.

Ja, ek sal voortdurend bly wees, <sup>19</sup> want ek weet dat dit alles tot my verlossing sal lei,\* omdat julle vir my bid\* en die Gees van Jesus Christus

---

\***1:11** Joh 15:8

<sup>b</sup>**1:12 Broers:** Volgens destydse opvatting was die sisters hierby ingesluit. Dit geld ook vir “broers” in vs 14.

\***1:12 wat ... geleei het:** 2 Tim 2:9

<sup>c</sup>**1:13 pretorium:** Die •bronteks lui *praitorion*. Hier verwys dit na die elite soldate van die keiserlike wag.

\***1:13 ek ... gevangenskap:** Ef 3:1; 4:1; Filem vs 1,9

\***1:19 dit alles ... lei:** Job 13:16

\***1:19 omdat ... bid:** 2 Kor 1:11

my ondersteun.<sup>20</sup> Dit is immers my innige verwagting en hoop dat ek nie in enige opsig beskaam sal word nie — intendeel, dat Christus met alle vrymoedigheid ook nou, soos altyd, deur my liggaam verheerlik sal word,<sup>\*</sup> of dit nou deur my lewe of deur my dood is.<sup>21</sup> Want vir my is om te leef Christus,<sup>\*</sup> en om te sterf wins,<sup>22</sup> maar as my liggaam bly leef, beteken dit dat ek nog verder vrugbaar sal kan werk.<sup>\*</sup> Ek weet werklik nie wat om te kies nie.<sup>23</sup> Ek is in 'n tweestryd gewikkel: Aan die een kant verlang ek om heen te gaan en saam met Christus te wees. Dit is immers verreweg die beste.<sup>\*</sup><sup>24</sup> Aan die ander kant is dit ter wille van julle noodsaakliker dat ek liggaamlik hier bly.<sup>25</sup> Juis omdat ek hiervan oortuig is, weet ek dat ek hier sal bly, ja, dat ek wel by julle almal sal bly, sodat julle vordering kan maak en geloofsvreugde kan ervaar.<sup>26</sup> So sal julle roem oor my, wanneer ek weer by julle is, in Christus Jesus nog meer kan toeneem.

### Aansporing tot volharding en eensgesindheid

<sup>27</sup> Nog net dit: Tree so op dat dit die evangelie van •Christus waardig is,<sup>\*</sup> sodat ek kom en julle sien, of nie teenwoordig is nie, ek aangaande julle omstandighede mag hoor dat julle in één gees<sup>d</sup> vasstaan en één van hart en siel<sup>e</sup> saam stry vir die geloof in die evangelie<sup>\*</sup><sup>28</sup> en julle in geen opsig deur julle teenstanders laat afskrik nie. Vir hulle is dit 'n teken van ondergang, maar vir julle is dit 'n teken van verlossing — en dit kom van God.<sup>29</sup> Dit is

---

<sup>\*</sup>**1:20** *ek nie ... sal word:* 1 Pet 4:16

<sup>\*</sup>**1:21** *Want ... Christus:* Gal 2:20

<sup>\*</sup>**1:22** *beteken ... werk:* Rom 1:13

<sup>\*</sup>**1:23** *Aan ... beste:* 2 Kor 5:8

<sup>\*</sup>**1:27** *Nog ... waardig is:* Ef 4:1; Kol 1:10; 1 Thess 2:12

<sup>d</sup>**1:27 gees:** "Gees" dui hier op die menslike gees in sy openheid na God.

<sup>e</sup>**1:27 hart en siel:** Letterlik 'siel'. Die siel dui op die mens se bewuste, innerlike self.

<sup>\*</sup>**1:27 saam stry ... evangelie:** Fil 4:3

immers ter wille van Christus aan julle as gawe gegee om nie net in Hom te glo nie, maar ook vir Hom te ly.<sup>30</sup> Julle stry dieselfde stryd wat julle my sien stry het\* en waarvan julle nou hoor dat ek nog steeds stry.\*

## 2

<sup>1</sup> Daarom, as daar enige aansporing in •Christus is, enige troos uit die liefde, enige gemeenskap van die Gees, enige innige meelewing en ontferming — <sup>2</sup> maak julle dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van gees, een in strewe;<sup>f</sup> <sup>3</sup> deur nie iets uit selfsug of ydelheid\* te doen nie, maar in nederigheid die een die ander hoër te ag as homself;<sup>g\*</sup> <sup>4</sup> \*deur elkeen nie net na sy eie belang om te sien nie, maar ook na dié van ander.

<sup>5</sup> Laat dan die gesindheid wat daar in Christus Jesus was, ook onder julle wees:

<sup>6</sup> Hoewel Hy in die gestalte van God was,  
het Hy gelykheid aan God  
nie beskou as iets wat Hy moes vasklem nie,\*  
<sup>7</sup> maar Hy het Homself daarvan leeggemaak\*  
deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem  
en aan mense gelyk te word.\*

---

\*<sup>1:30</sup> *Julle stry ... stry het*: Hand 16:22

\*<sup>1:30</sup> *julle nou ... steeds stry*: Fil 1:13

<sup>f</sup>**2:2 strewe:** Kan ook vertaal word “denke”.

<sup>2:3</sup> *ydelheid*: Gal 5:26

<sup>g</sup>**2:3 homself:** Die •bronteks lui “julleself”.

<sup>2:3</sup> *die een ... homself*: Rom 12:10

<sup>2:4</sup> 1 Kor 10:24,33

<sup>2:6</sup> *het Hy ... vasklem nie*: Joh 1:1-2; 17:5

<sup>2:7</sup> *maar Hy ... leeggemaak*: 2 Kor 8:9

<sup>2:7</sup> *en aan ... word*: Joh 1:14; Rom 8:3; Heb 2:14,17

En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het,  
⁸ het Hy Homself verneder  
deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe,\*  
ja, die dood aan die kruis.

⁹ Daarom het God Hom ook uitermate verhoog\*  
en aan Hom die Naam geskenk\*  
wat bo elke naam is,  
¹⁰ sodat in die Naam van Jesus  
elke knie sal buig —  
van diegene in die hemel  
en op die aarde  
en onder die aarde —  
¹¹ en elke tong sal bely,\*  
“Jesus Christus is Here!”  
tot eer van God die Vader.

### Ligdraers in die wêreld

¹² Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam was — nie net in my teenwoordigheid nie, maar nou ook nog veel meer in my afwesigheid — werk met vrees en bewing aan julle verlossing.\* ¹³ Want dit is God wat die gewilligheid en die optrede, soos Hy dit goedvind, in julle bewerk.\* ¹⁴ Doen alles sonder kla\* en teenpraat, ¹⁵ sodat julle sonder

---

\***2:8** *het Hy ... dood toe:* Joh 10:17; Heb 5:8; 12:2

\***2:9** *Daarom ... verhoog:* Hand 2:33; Heb 1:3

\***2:9** *aan Hom ... geskenk:* Ef 1:21; Heb 1:4

\***2:10-11** *elke knie ... bely:* Jes 45:23; Rom 14:11

\***2:12** *werk ... verlossing:* Ps 2:11; 1 Pet 1:17

\***2:13** *God ... bewerk:* Joh 15:5; 1 Kor 12:6; 15:10; 2 Kor 3:5; 1 Thess 2:13

\***2:14** *Doen ... kla:* 1 Kor 10:10; 1 Pet 4:9

blaam en onskuldig kan wees, kinders van God, smetteloos, te midde van 'n krom en ontaarde geslag.\* Julle skyn onder hulle soos sterre in die heelal,\*<sup>16</sup> deur vas te hou<sup>h</sup> aan die woord van die lewe. Op hierdie manier sal julle op die dag van •Christus\* my rede tot roem wees,\* sodat ek nie vergeefs gehardloop of my vergeefs ingespan het nie.\*<sup>17</sup> Maar al word ek ook as drankoffer uitgegiet oor die offer en bediening van julle geloof,\* verbly ek my, en verbly ek my saam met julle almal.<sup>18</sup> Verbly julle ook so,\* ja, verbly julle saam met my.

### Sending van Timoteus en Epafroditus

<sup>19</sup> Ek hoop in die Here Jesus om Timoteus gou na julle te stuur, sodat ek ook bemoedig kan word wanneer ek julle omstandighede leer ken het.

<sup>20</sup> Want ek het geen ander geesgenoot wat hom opreg oor julle omstandighede sal bekommer nie.<sup>21</sup> \*Almal soek net hulle eie belang, nie dié van Jesus •Christus nie.<sup>22</sup> Julle weet hoe Timoteus homself bewys het, hoe hy soos 'n kind teenoor sy vader, saam met my die evangelie bedien het.<sup>23</sup> Ek hoop dus om hom so gou moontlik te stuur, so gou as wat ek weet wat my omstandighede gaan wees.<sup>24</sup> Ek vertrou op die Here dat ek ook self gou sal kom.

<sup>25</sup> Ek het dit noodsaaklik geag om Epafroditus, my broer, medewerker

---

\*<sup>2:15</sup> *krom ... geslag*: Deut 32:5; Matt 10:16; Hand 2:40

\*<sup>2:15</sup> *Julle skyn ... heelal*: Dan 12:3; Matt 5:14; Ef 5:8

<sup>h</sup>**2:16 vas te hou:** Word ook vertaal "voor te hou".

\*<sup>2:16</sup> *dag van Christus*: 1 Kor 1:8; Fil 1:6,10

\*<sup>2:16</sup> *deur ... roem wees*: 1 Thess 2:19

\*<sup>2:16</sup> *sodat ... het nie*: Jes 49:4; 65:23; Gal 2:2

\*<sup>2:17</sup> *Maar ... geloof*: Rom 15:16; 2 Tim 4:6

\*<sup>2:18</sup> *Verbly ... so*: Fil 3:1; 4:4

\*<sup>2:21</sup> 2 Tim 4:10

en medestryder en julle gesant,<sup>i</sup> my helper in nood,<sup>\*</sup> na julle te stuur.

<sup>26</sup> Hy het immers gedurig na julle almal verlang en was bitter ontsteld omdat julle gehoor het dat hy siek geword het. <sup>27</sup> Hy was werklik tot die dood toe siek, maar God het Hom ontferm, nie net oor hom nie, maar ook oor my, sodat ek nie een verdriet ná die ander sou ervaar nie.

<sup>28</sup> Daarom het ek hom nog dringender teruggestuur, sodat julle hom kan sien en weer bly kan wees, en ek minder bekommerd. <sup>29</sup> \*Ontvang hom dan in die Here met groot blydschap, en respekteer mense soos hy,

<sup>30</sup> want deur sy werk vir Christus het hy na aan die dood gekom: Hy het sy lewe gewaag om, waar julle hulp aan my tekort geskiet het, dit aan te vul.

## 3

### Kennis van Christus

<sup>1</sup> Verder, my broers,<sup>j</sup> wees bly in die Here.\* Om dieselfde dinge aan julle te skryf, is nie vir my moeite nie, en aan julle gee dit sekerheid. <sup>2</sup> Waak teen die honde!<sup>k</sup>\* Waak teen die slechte werkers! Waak teen die afsnyding!<sup>l</sup>

<sup>3</sup> \*Want óns is die besnydenis, ons wat ons diens deur die Gees van God verrig, ons wat ons op •Christus Jesus beroem en nie op die liggaamlike

---

<sup>i</sup>**2:25 gesant:** Letterlik ‘apostel’. Verwys hier nie na die amptelike apostels nie, maar na iemand wat vir 'n bepaalde saak gestuur is.

<sup>\*</sup>**2:25 julle gesant ... nood:** Fil 4:18

<sup>\*</sup>**2:29** 1 Kor 16:16,18; 1 Tim 5:17

<sup>j</sup>**3:1 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

<sup>\*</sup>**3:1 wees ... Here:** Fil 2:18; 4:4

<sup>k</sup>**3:2 honde:** Verwys na die Joodse dwaalleraars.

<sup>\*</sup>**3:2 Waak ... honde:** Ps 22:17,21; Op 22:15

<sup>l</sup>**3:2 afsnyding:** 'n Bitsige en neerhalende woordspel op die besnydenis.

<sup>\*</sup>**3:3 Rom 2:29**

dinge vertrou nie,<sup>4</sup> al het ek self rede om op menslike dinge te vertrou.\* As iemand anders dink dat hy op menslike dinge kan vertrou, ek nog meer:

<sup>5</sup> Ek is besny op die agtste dag,\*  
afkomstig uit die volk Israel,  
uit die stam van Benjamin,  
'n Hebreër<sup>m</sup> uit die Hebreërs;\*  
wat die wet betref, 'n •Fariseër,\*  
<sup>6</sup> wat ywer betref, 'n vervolger van die •kerk,\*  
wat •geregtigheid op grond van wetsbeoefening betref, onberispelik.

<sup>7</sup> \*Maar wat vir my 'n bate was,  
reken ek nou as verlies ter wille van Christus.

<sup>8</sup> Inderdaad reken ek alles as verlies  
ter wille van die uitnemendheid daarvan  
om Christus Jesus, my Here, te ken.  
Ter wille van Hom het alles vir my 'n verlies geword  
en beskou ek dit as vullis,  
sodat ek Christus as wins kan verkry,  
<sup>9</sup> en in Hom bevind kan word —  
nie met my geregtigheid op grond van die wet nie,

---

\*3:4 *het ek ... te vertrou*: 2 Kor 11:18

\*3:5 *Ek ... dag*: Luk 1:59; 2:21

<sup>m</sup>3:5 *Hebreër*: 'n Arameesspreekende Jood.

\*3:5 *afkomstig ... Hebreërs*: 2 Kor 11:22

\*3:5 *wat die ... Fariseër*: Hand 23:6; 26:5

\*3:6 *'n vervolger ... kerk*: Hand 8:3; 22:4; 26:9-11

\*3:7 Matt 13:44,46; Luk 14:33

maar met die regverdiging<sup>n</sup> deur geloof in Christus,  
die regverdiging wat van God kom, deur die geloof\* —  
<sup>10</sup> en sodat ek Christus kan ken,  
die krag van sy opstanding  
en die verbondenheid met sy lyding,\*  
deur aan sy dood gelykvormig te word,\*  
<sup>11</sup> \*en ek so, hoe dan ook,  
die opstanding uit die dood kan bereik.

<sup>12</sup> Nie dat ek dit al verkry het of reeds volmaak is nie, maar ek streef daarna om dit my eie te maak,\* omdat Christus Jesus my reeds sy eie gemaak het.\* <sup>13</sup> Broers,<sup>o</sup> ek reken nie dat ek dit self reeds my eie gemaak het nie, maar een ding doen ek: Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voorlê.<sup>14</sup>\* Ek beur voort na die wenstreep, om in Christus Jesus die prys van God se roeping van omhoog te bekom.<sup>15</sup> Laat ons, wat geestelik volwasse is, so hieroor dink;\* maar as julle anders hieroor dink, sal God dit wel aan julle bekend maak.<sup>16</sup>\* In elk geval, laat ons voortgaan op die koers\* wat ons ingeslaan het.

---

<sup>n</sup>**3:9 regverdiging:** Kan ook vertaal word “vryspraak”.

<sup>\*</sup>**3:9 maar met ... deur die geloof:** Rom 3:21-22

<sup>\*</sup>**3:10 die verbondenheid ... lyding:** Rom 8:17; Gal 6:17

<sup>\*</sup>**3:10 sodat ... word:** Rom 6:3-5

<sup>\*</sup>**3:11 Hand 4:2; Op 20:5-6**

<sup>\*</sup>**3:12 ek streef ... maak:** 1 Tim 6:12,19

<sup>\*</sup>**3:12 omdat ... gemaak het:** Hand 9:5-6

<sup>o</sup>**3:13 Broers:** Vgl voetnoot in Ef 3:1.

<sup>\*</sup>**3:14 1 Kor 9:24**

<sup>\*</sup>**3:15 Laat ... so hieroor dink:** Matt 5:48; 1 Kor 2:6

<sup>\*</sup>**3:16 Gal 6:16**

<sup>\*</sup>**3:16 laat ... koers:** Gal 6:16

<sup>17</sup> Broers, volg dan my voorbeeld,\* en let op hulle wat leef volgens die voorbeeld wat ons aan julle gestel het,\* <sup>18</sup> want baie, van wie ek dit dikwels vir julle gesê het, en nou weer in trane sê, leef as vyande van die kruis van •Christus.\* <sup>19</sup> Hulle einde is die verderf, hulle maag is hulle god,\* hulle eer is geleë in hulle skande — hulle wat aardse dinge bedink.\*

<sup>20</sup> Ons burgerskap is egter in die hemel,\*  
vanwaar ons as Verlosser  
die Here Jesus Christus verwag.

<sup>21</sup> Hy sal ons nederige liggaam verander  
om gelykvormig te word  
aan sy verheerlike liggaam,  
deur die krag wat Hom in staat stel\*  
om alles aan Homself te onderwerp.\*

## 4

<sup>1</sup> Daarom, my broers,<sup>p</sup> julle vir wie ek lief is en na wie ek verlang, my vreugde en my kroon\* — geliefdes, staan dan só vas in die Here.

---

\*3:17 *volg ... voorbeeld*: 1 Kor 4:16; 11:1

\*3:17 *let op ... gestel het*: 1 Thess 1:7; 1 Pet 5:3

\*3:18 *vyande ... Christus*: 1 Kor 1:23; Gal 6:12

\*3:19 *hulle maag ... god*: Rom 16:18

\*3:19 *hulle wat ... bedink*: Rom 8:5-6

\*3:20 *Ons ... hemel*: Ef 2:6,19; Heb 12:22

\*3:21 *Hy sal ... staat stel*: Rom 8:29; 1 Kor 15:43-53

\*3:21 *alles ... onderwerp*: 1 Kor 15:28

<sup>p</sup>4:1 **broers**: Volgens destydse opvatting was die sisters hierby ingesluit. Dit geld ook vir “broers” in vs 8.

\*4:1 *my broers ... kroon*: 1 Thess 2:19-20

## Vermanings

<sup>2</sup> Ek vermaan Euodia en ek vermaan Sintige om in die Here eensgesind te wees. <sup>3</sup> Ja, ek vra jou ook, getroue medewerker,<sup>q</sup> help hierdie vroue. Hulle het saam met my vir die saak van die evangelie gestry, ook saam met Klemens en my ander medewerkers wie se name in die •boekrol van die lewe<sup>\*</sup> staan. <sup>4</sup> \*Verbly julle altyd in die Here! Ek sal dit weer sê: Verbly julle! <sup>5</sup> Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby.<sup>\*</sup> <sup>6</sup> Moet oor niks bekommerd wees nie,<sup>\*</sup> maar maak in alles julle versoek aan God bekend deur te bid en te smeek, met danksegging.<sup>\*</sup>

<sup>7</sup> \*En die vrede van God wat alle begrip oortref, sal in •Christus Jesus oor julle harte en gedagtes waak.

<sup>8</sup> \*Verder, broers,  
alles wat waar is,  
alles wat eerbaar is,  
alles wat reg is,  
alles wat rein is,  
alles wat lieflik is,  
alles wat lof verdien,

---

<sup>q</sup>**4:3 medewerker:** Letterlik ‘jukgenoot’; dit kan ook die eienaam van ‘n medewerker wees.

<sup>\*</sup>**4:3 boekrol ... lewe:** Eks 32:32-33; Ps 69:29; Dan 12:1; Op 3:5; 13:8; 17:8; 20:12,15; 21:27

<sup>\*</sup>**4:4 Fil 3:1**

<sup>\*</sup>**4:5 Die Here is naby:** Heb 10:37; Jak 5:8-9

<sup>\*</sup>**4:6 Moet ... wees nie:** Matt 6:25; 1 Pet 5:7

<sup>\*</sup>**4:6 julle versoek ... danksegging:** Kol 4:2

<sup>\*</sup>**4:7 Jes 26:3; Joh 14:27; Kol 3:15**

<sup>\*</sup>**4:8 Rom 12:17**

ja, watter deug of watter prysenswaardige saak daar ook mag wees — rig julle gedagtes daarop. <sup>9</sup> Wat julle van my geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het — doen dit. En die God van vrede\* sal met julle wees.

### Dank vir ondersteuning

<sup>10</sup> Ek is in die Here besonder bly dat julle nou uiteindelik van nuuts af aan my gedink het. Eintlik hét julle aan my gedink, maar julle het net nie die geleentheid gehad om aan my aandag te gee nie. <sup>11</sup> Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om in alle omstandighede tevreden te wees.\* <sup>12</sup> Ek weet wat dit is om te min te hê, en ek weet wat dit is om oorvloed te hê; ek is in elke opsig in al hierdie dinge ingewy: om versadig te wees, sowel as om honger te ly; om oorvloed te hê, sowel as om gebrek te ly. <sup>13</sup> \*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.

<sup>14</sup> Nogtans was dit goed van julle om in my swaarkry te deel. <sup>15</sup> \*Julle weet ook, Filippense, dat aan die begin van my evangelieverkondiging, toe ek van Macedonië<sup>r</sup> vertrek het, geen •gemeente tot my rekening van inkomste en uitgawes bygedra het nie,<sup>s</sup> behalwe slegs julle. <sup>16</sup> Ook in Thessalonika het julle meer as een maal iets vir my behoeftes gestuur. <sup>17</sup> Dit is nie dat ek van julle 'n bydrae verlang nie; ek verlang eerder dat die opbrengs op julle belegging toenemend sal groei.\* <sup>18</sup> Ek het alles

---

\***4:9 God van vrede:** Rom 15:33; 16:20; 1 Kor 14:33; 1 Thess 5:23

\***4:11 in alle ... wees:** 1 Tim 6:6

\***4:13 2 Kor 12:10; 2 Tim 4:17**

\***4:15 2 Kor 11:9**

<sup>r</sup>**4:15 Macedonië:** 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

<sup>s</sup>**4:15 rekening ... het nie:** Kan ook vertaal word "saak van gee en ontvang deelgeneem het nie".

\***4:17 ek verlang ... groei:** 1 Kor 9:11

ontvang en is goed daaraan toe. Ek het meer as genoeg, noudat ek van Epafroditus ontvang het wat julle gestuur het — 'n lieflike reukoffer,<sup>\*</sup> 'n aanneemlike offergawe wat God behaag.<sup>19</sup> En my God sal ruimskoots in al julle behoeftes voorsien in ooreenstemming met sy heerlike rykdom in •Christus Jesus.<sup>20</sup> Aan ons God en Vader kom die heerlikheid toe vir ewig en ewig. •Amen.

### Groete

<sup>21</sup> Groet elke heilige in Christus Jesus. Die broers<sup>t</sup> wat hier by my is, stuur vir julle groete. <sup>22</sup> Al die •heiliges, veral dié van die keiser se huishouing,<sup>u</sup> stuur vir julle groete.

### Seëngroet

<sup>23</sup> Die genade van die Here Jesus •Christus bly met julle gees.

---

<sup>\*</sup>**4:18 lieflike reukoffer:** Gen 8:21; Eks 29:18; Eseg 20:41

<sup>t</sup>**4:21 broers:** Vgl voetnoot in Ef 4:1.

<sup>u</sup>**4:22 keiser se huishouing:** Nie almal in diens van die keiser was in Rome gestasioneer nie; vgl Fil 1:13.